VAN ONS SUSTERS

SUSTERSVERGADERING

Dinsdag 5 Februarie 2019 om 18:30 is ons eerste vergadering van die jaar. Ons gasspreker gaan **Leonie Malan** wees. Sy gaan praat oor ***Stres en jou brein.*** So baie van ons ervaar stres en ons kan gerus ons lewe ondersoek en sien hoe belangrik dit is om hieraan te werk. Kom luister en nooi enige persoon saam wat dalk hierby kan baat.

WYKSUSTERS

Baie dankie aan al die wyksusters wat Dinsdagaand se toerusting bygewoon het. Indien jy nie 'n wykslys het nie kry gerus een by Johan du Plessis. Die nuwe riglyne vir die wyksusters kan by Karin Bain gekry word.

Die wyksusters het twee belangrike sake wat hulle in die komende jaar op gaan fokus. Die bejaardes wat nie in tehuise woon nie en die studentegemeente, Cachet.

SPRANKELTEE

Op **Saterdag 6 April 2019** vind die jaarlikse Sprankeltee van die Potchefstroom Dienssentrum plaas. Ons gemeente het ook 'n tafel en **Amanda du Plessis** is die gasvrou. Die kaartjies beloop R200pp en ons moet 14 kaartjies verkoop. Daar moet ook verversings verskaf word. Koop asseblief 'n kaartjie by Amanda **(082 444 2319).** Die Dienssentrum het 'n ernstige pleidooi gerig vir hulp en ondersteuning. Hulle kry vanaf April 2017 nie meer subsidie van die Dept Maatskaplike Ontwikkeling nie en daarom is hulle baie afhanklik van die gemeenskap en kerke se ondersteuning. Help asseblief vir Amanda om hierdie taak te verrig.

Die tafels is gedek en daar is koffie en tee in die saal.

Dit is 'n wonderlike geleentheid om gesellig te verkeer.

Ons vra dat nuwe lidmate ook kom om kennis te maak

Susters van wyke B3 en B4 versorg vandag die tee en koffie

Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom

Jaargang 35, nr 4 Sondag 3 Februarie 2019

REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 018 294 3402

rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Predikant:** Ds Ronald Bain **082 339 0933**
Kantoor **018 294 4600 Faks: 086 610 9283** Pastorie: **018 293 2116** Karin Bain **082 532 1620**
Hulpprediker: Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Koster Pieter Bouwsema **082 923 1384** **Orrelis:** Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte: Ouderlinge: **Banie Boneschans** D2 **Pieter Hugo** E1, diakens wyke D2 **vakant** en E1 **Peter Bouwsema.**
Teeskink na die erediens: Susters van wyke **B3** en **B4**. **Kom help asseblief**
Bussiediens: Vandag ry **Zurich Terblanche** 083 968 6074
Sondag **10 Februarie** ry **Andries de Klerk** 084 440 1661

Goeiemôre broers en susters, kinders en besoekers

EREDIENSTE Oggend Teologiese student Reinhart Boersema, aand ds Ronald Bain

OGGEND: **Lofpsalm:** Psalm 145: 1, 4, 12
Psalm na die wet: Psalm 130: 1, 2, 4
Psalm na tweede gebed: Psalm 30: 1, 2, 3
Psalm voor seën: Psalm 72: 1, 10, 11
Skrifgedeelte: Jesaja 6: 1 - 13
TEMA: ***God se heiligheid laat ons ons verlorenheid besef, maar in Christus is versoening om weer gestuurdes te kan wees.***

AAND: Skrifgedeelte: 1 Petrus 1: 13 - 2: 3
Fokusgedeelte: 1 Petrus 1: 23
Dordtse Leerreëls 3&4:17
TEMA: ***Weergebore deur die lewende Woord van God***
SING: Psalm 9: 1 – 5; Psalm 93: 1, 4;
Psalm 119: 7, 12, 57

Dagboek

3 Feb: **Kerkraads-vergadering**
4 Feb: **Diakonie vergader om 18:00**
10 Feb: **Kerkraad en Diakonie vergader na aanddiens**
10 Feb: **Voorbereiding**
17 Feb: **NAGMAAL**

LIEF EN LEED

Susan Nortjé 079 781 0499 is Donderdag opgeneem in die hospitaal in Pretoria vir verdere ondersoeke en behandeling. Ons dink aan haar in ons gebede.

Lappies Labuschagne 084 318 5949 het Donderdag 'n rugoperasie in Krugersdorp ondergaan. Ons is dankbaar dat alles goed afgeloop het en bid hom en Henna sterkte toe.

Ons is baie dankbaar saam met **Marie Coetsee** 083 566 7627 dat daar volgens alle aanduidings geen tekens van kanker by haar is nie. Daar is egter nog chemo en bestraling wat vir haar voorlê. Mag die Here haar vashou.

Ons dra vir **Jesse Niemand** 073 260 8850 aan die Here se troue sorg op. Hy moet die komende week vir ondersoeke en skanderings hospitaal toe gaan.

VAN ALLES EN NOG WAT

KOLLEKTES: Vandag en volgende Sondag: Onder die erediens vir **Barmhartigheid**. By deure vanoggend vir **ons Jeugsorg.**
Volgende Sondag se kollekte die oggend vir die **Dankbaarheidsfonds. Die doel van die fonds is:** Om dankbaarheid teenoor die Here te betoon dat Hy die Gereformeerde kerke vir 150 jaar bewaar het. Die opbrengs word as 'n addisionele inspuiting bestem om die Emeritaats-versorgingstrust te versterk, kerke wat nie voldoende finansiële middele het nie, te help en historiese geboue van die GKSA in stand te hou.
Lidmate word versoek om nie note op te rol of op enige ander manier te vou nie.

KATEGESE

Vanoggend moet julle **Les 3** en **Psalm 104: 1** ken.
Maandag lees *Laat my lammers wei*. Hoofstuk 69.
Woensdag se katkisasie Graad 8 – 11 om 14:15.
Volgende Sondag moet julle **Les 4** en **Psalm 104: 2** leer.

BYBELSTUDIES
Ons weeklikse Bybelstudies is soos volg:
Huis Eikelaan om 15:00 op Dinsdae
Oggendbybelstudie Donderdae om 9:30 in konsistorie.
Donderdagaande om 18:30 in konsistorie.

VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Ons wens doop- en belydende lidmate wat gedurende hierdie week verjaar, baie geluk met jou verjaardag:

4 Feb	**Gerrit Badenhorst,** Molenstraat 29, ☎ 082 850 7491 Wyk B7
	Pieter Hugo, Hermanstr 33, Limerick 4, ☎ 083 341 4488. Wyk B4
5 Feb	**Marilena Theron,** P Mokabastraat 39, ☎ 082 789 3420 Wyk B1
	Jan van der Schyff, Huis Anna Viljoen, ☎ 083 417 4085 Wyk B1
6 Feb	**Jan Chambers,** Vasco Villa 8, ☎ 082 722 5828. Wyk A7

VAN ONS DIAKONIE

Die kollekte vir **Barmhartigheid** Sondag 27 Januarie 2019 was R 7 050. Die kollekte ten bate van die **Dankbaarheidsfonds** was R 3 170.

DIAKONIE SE KOSKAS
Skryf asseblief hierdie op u inkopielys:

- **Skottelgoedseep • Toiletpapier • Pasta**
- **Beskuit • Aanmaakkoeldrank**

Baie dankie aan almal vir die bydraes.

FOTOBORD Nuwe lidmate word gevra om na die diens na die saal te kom vir die neem van 'n foto vir die fotobord. **Melissa Kent** sal die foto's neem

Kerk se bankbesonderhede	Inbetalings vir die Diakonie	Inbetalings vir die Susters
Rekening naam: Gereformeerde Kerk Potchefstroom Bank : ABSA Tomstraat Rek.no 680 340 137	Rekening naam: Diakonie GK Potchefstroom Bank: ABSA Tomstraat Rek.no 680 280 002	Rekening naam: **Susters van die Gereformeerde Kerk** Potchefstroom **Bank:** FNB Potchefstroom **Tjekrek.** 627 805 92723